- as jy depressief is en/of angsversteurings het, kan jy soms daaraan dink om jouself leed aan te doen of om selfmoord te pleeg. Hierdie gedagtes kan toeneem wannneer jy vir die eerste keer antidepressante begin gebruik of wanneer jou dokter die dosering verander. Indien jy op enige tydstip daaraan dink om jouself leed aan te doen, of om selfmoord te pleeg, moet jy jou dokter kontak of onmiddellik na 'n hospitaal gaan. Jy mag dit moontlik nuttig vind om 'n familielid of hegte vriend te vertel dat jy depressief is en hulle te vra om hierdie inligtingsblad te lees. Jy kan hulle moontlik vra om jou te vertel indien hulle dink dat jou depressie of angstigheid vererger, of as hulle bekommerd is oor veranderinge in jou gedrag.
- indien jy 'n bestaande harttoestand of -siekte het wat jou bloeddruk kan beïnvloed. **VEXALIN XR** kan veroorsaak dat jou bloeddruk styg en in sommige gevalle onmiddellike behandeling vereis om jou bloeddruk te verlaag. Jou dokter sal jou bloeddruk toets voordat behandeling begin, na 'n dosisverhoging en gereeld daarna.
- as jy aan bloedingsneigings ly, of indien jy medisyne neem naamlik antistollingsmiddels (bv. warfarien) of plaatjie-inhibeerders (bv. aspirien), aangesien die risiko van bloeding van die vel en slymvlies, insluitend bloeding van die maagwand, kan verhoog wat in pasiënte wat **VEXALIN XR** neem.
- indien jy medisyne gebruik om gewig te verloor (bv. fentermien). **VEXALIN XR**, alleen of in kombinasie met ander produkte, word nie aangedui vir gewigsverlies nie.
- Daar was 'n verband tussen 'n groep medisyne genaamd SSHI en SNHI en swaar bloeding na geboorte. **VEXALIN XR** behoort tot die groep medisyne genaamd SSHI's. Indien jy bloedingsversteurings het of swanger is, sal jou dokter jou behandeling moet verander na 'n alternatiewe groep medisyne.

Terwyl **VEXALIN XR** geneem word:
- Kontak jou dokter onmiddellik indien jy 'n allergiese reaksie op **VEXALIN XR** ervaar met simptome soos swelling van die gesig, lippe, tong en keel, asemhalingsprobleme sowel as 'n verspreide veluitslag.
- Vertel jou dokter indien jy die volgende veranderinge in gedrag agterkom terwyl **VEXALIN XR** geneem word: angs, rusteloosheid, paniekaanvalle, slapeloosheid, geïrriteerdheid, vyandig en aggressief raak, impulsief, voel onrustig en kan nie stilstaan of -sit nie of ly aan geestesongesteldheid. Jou dokter kan dit oorweeg om behandeling met **VEXALIN XR** te staak, indien jy nie hierdie simptome gehad het voordat jy met **VEXALIN XR** behandeling begin het nie. Jou dosering sal geleidelik verminder word indien jou dokter besluit om jou behandeling met **VEXALIN XR** te staak.
- Serotoniensindroom, 'n potensieel lewensbedreigende toestand, kan voorkom met **VEXALIN XR** behandeling, veral as dit saam met ander medisyne geneem word. Voorbeelde van hierdie medisyne sluit in:
  - Triptane (gebruik vir migraine)
  - Ander medisyne om depressie te behandel, byvoorbeeld SNHI's, SSHI's, trisikliese middels, of medisyne wat litium bevat.
  - Medisyne wat amfetamiene bevat (gebruik om aandagtekort hiperaktiwiteit versteuring (ADHD), narkolepsie en vetsug te behandel.
  - Medisyne wat linesolied bevat, 'n antibiotikum (gebruik om infeksies te behandel)
  - Medisyne wat moklobemied bevat, 'n MAOI (gebruik om depressie te behandel)
  - Medisyne wat sibutramien bevat (gebruik vir gewigsverlies)
  - Medisyne wat tramadol, fentaniel, tapentadol, petidien, of pentasokien bevat (gebruik om erge pyn te behandel)
  - Medisyne wat dekstrometorfaan bevat (gebruik vir die behandeling van hoes)
  - Medisyne wat metadoon bevat (gebruik om opioïedmiddel afhanklikheid of erge pyn te behandel)
  - Medisyne wat metileenblou bevat (wat gebruik word om hoë vlakke van methemoglobien in die bloed te behandel)
  - Produkte wat Sint-Janskruid bevat (ook genoem *Hypericum perforatum*, 'n natuurlike- of kruiemiddel wat gebruik word vir die behandeling van ligte depressie)
  - Produkte wat triptofaan bevat (gebruik vir probleme soos slaap en depressie)
  - Antipsigotika (gebruik om 'n siekte te behandel met simptome soos om dinge wat nie daar is nie te hoor, te sien of waar te neem, verkeerde oortuigings, ongewone agterdog, onduidelike redenasie en teruggetrokke raak)

Stel jou dokter in kennis of gaan na die naaste hospitaal as jy 'n kombinasie van die volgende waarneem: rusteloosheid, hallusinasies, verlies aan koördinasie, vinnige hartklop, verhoogde liggaamstemperatuur, verandering in bloeddruk, ooraktiewe reflekse, diaree, koma, naarheid en braking.
- **VEXALIN XR** kan oogprobleme veroorsaak soos verwyde pupille, verhoogde druk en gloukoom. Stel jou dokter in kennis indien jy enige veranderinge in jou oë opmerk.
- Vertel jou dokter indien daar aan jou gesê is dat jy 'n abnormale hartritme het, aangesien **VEXALIN XR** 'n toename in hartklop kan veroorsaak, veral by hoë dosisse.
- As jy tydens die behandeling hartkloppings of onreëlmatige hartslag of floutes ervaar, moet jy dadelik jou dokter inlig.
- Stel jou dokter in kennis as jy aggressiewe gedrag ervaar tydens behandeling met **VEXALIN XR**, veral met die aanvang, dosisverlaging of staking van die behandeling.
- **VEXALIN XR** kan lae vlakke van natrium in die bloed en/of die sindroom van onvanpaste antidiuretiese hormoonafskeiding (SOADH) veroorsaak; 'n toestand wat veroorsaak dat jou liggaam te veel antidiuretiese hormoon (ADH) maak. ADH is 'n chemikalie wat help om die regte balans van vloeistowwe in jou liggaam te hou. Verhoogde ADH kan veroorsaak dat te veel water in jou liggaam oorbly en chemikalieë in jou bloed, soos sout, kan afneem. Dit kan verhoed dat jou organe reg werk. Hierdie newe-effek kan voorkom veral as jy bejaard is, diuretika gebruik (waterpille) of gedehidreer is.
- Jou dokter sal jou cholesterolvlakke gereeld monitor, aangesien **VEXALIN XR** die cholesterolvlakke in jou bloed kan verhoog.
- Indien jou dokter dink dat jy nie meer **VEXALIN XR** nodig het nie, kan hy/sy jou vra om jou dosering stadig te verminder voordat jy heeltemal ophou. Dit is bekend dat newe-effekte voorkom wanneer mense ophou met die gebruik van **VEXALIN XR**, veral as **VEXALIN XR** skielik gestaak word of die dosering te vinnig verminder word (sien MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE).
- **VEXALIN XR** kan simptome van seksuele disfunksie veroorsaak. In sommige gevalle het hierdie simptome voortgeduur nadat behandeling gestaak is.
- **VEXALIN XR** kan 'n gevoel van onrustigheid of 'n onvermoë veroorsaak om stil te sit of stil te staan gedurende die eerste paar weke van die behandeling. Jy moet jou dokter vertel indien dit met jou gebeur.
- **VEXALIN XR** kan 'n droë mond veroorsaak. Neem spesiale sorg met jou tandhigiëne, aangesien 'n droë mond die risiko van tandbederf kan verhoog.
- Jou bloedglukosevlakke kan verander as gevolg van **VEXALIN XR**. Daarom moet die dosis van jou diabetes medisyne aangepas word.
- Dit is onwaarskynlik dat jy verdraagsaamheid sal ontwikkel of verslaaf sal raak aan **VEXALIN XR** indien jy dit oor 'n lang tydperk neem, maar jou dokter sal egter jou behandeling monitor vir tekens van verdraagsaamheid of verslawing.
- **VEXALIN XR** kan met veiligheid gebruik word in gesonde bejaarde pasiënte.

**Kinders en adolessente**
- **VEXALIN XR** moet nie aan kinders jonger as 18 jaar oud gegee word nie, aangesien daar nie bewys is dat dit veilig en effektief in hierdie ouderdomsgroep is nie.

**Ander medisyne en VEXALIN XR**
Vertel altyd jou gesondheidsorgverskaffer indien jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)
Neem slegs ander medisyne, terwyl jy **VEXALIN XR** gebruik, indien jou dokter sê dat jy kan.
Jy moet jou dokter vertel indien jy die volgende medisyne gebruik:
- Monoamienoksidase-inhibeerders (MAOIs) soos moklobemied ('n antidepressant) en linesolied ('n antibiotikum).
- Medisyne om depressie te behandel, byvoorbeeld medisyne bekend as SNHI's of SSHI's en medisyne wat litium bevat.
- Medisyne wat die vlak van serotonien verhoog: Triptane, tramadol, triptofaan, SSHI's (soos paroksetien en fluoksetien), SNHI's (soos venlafaksien), trisikliese antidepressante (soos klomipramien, amitriptllien), petidien, Sint-Janskruid (kruiemedisyne vir depressie) en MAOIs (soos moklobemied en linesolied). Hierdie medisyne verhoog die risiko van newe-effekte; indien jy ongewone simptome ervaar terwyl jy enige van hierdie medisyne saam met **VEXALIN XR** inneem, moet jy jou dokter besoek.
- Aanvullings wat triptofaan bevat (word gebruik vir probleme soos slaap en depressie).
- Indinavir (vir MIV behandeling)
- Desipramien (vir depressie)
- Sibutramien (gebruik vir gewigsverlies).
- Ketokonasool ('n antifungusmiddel).
- Haloperidol of risperidoon (om psigiatriese kondisies te behandel)
- Metoprolol ('n betablokker vir die behandeling van hoë bloeddruk en hartprobleme)
- Medisyne wat jou hartritme kan beïnvloed. Voorbeelde van hierdie medisyne sluit in:
  - Antidisritmiese middels soos kinidien, amiodaroon, sotalol of dofetilied (word gebruik om abnormale hartritme te behandel)
  - Antipsigotika soos tioridasien (sien ook Serotonien-sindroom hierbo)
  - Antibiotika soos eritromisien of moksifloksasien (gebruik vir die behandeling van bakteriële infeksies)
  - Antihistamiene (word gebruik om allergieë te behandel).

Stel jou dokter in kennis dat jy **VEXALIN XR** neem wanneer bloedtoetse benodig word om te toets vir fensiklidien (PCP) of amfetamien.

**VEXALIN XR met voedsel en drankies en alkohol**
Alkohol moet vermy word tydens behandeling met **VEXALIN XR**.

**Swangerskap, borsvoeding en fertiliteit**
Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgwerker vir advies voordat jy **VEXALIN XR** neem.
- Vertel jou dokter as jy swanger raak, of as jy probeer om swanger te raak, terwyl jy **VEXALIN XR** gebruik. Jy moet nie **VEXALIN XR** neem as jy swanger is nie.
- Indien jy **VEXALIN XR** teen die einde van jou swangerskap neem, kan jou baba sommige simptome hê wanneer hy gebore word. Dit begin gewoonlik met die geboorte of binne 'n paar dae nadat jou baba gebore is. Hierdie simptome kan nie behoorlike voeding, probleme met asemhaling en langdurige hospitalisasie insluit.
- Vertel jou dokter as jy borsvoed. Jy moet nie **VEXALIN XR** neem tydens borsvoeding nie.

**Bestuur en gebruik van masjinerie**
**VEXALIN XR** kan inkorting van oordeel, denke of spierbeheer veroorsaak. Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate **VEXALIN XR** jou daaglikse aktiwiteite kan beïnvloed nie. Jy moet nie aan bogenoemde aktiwiteite deelneem nie, totdat jy bewus is van die mate waarin **VEXALIN XR** jou beïnvloed.

## 3. Hoe om VEXALIN XR te neem

- Moet nie medisyne wat vir jou voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.
- Neem altyd **VEXALIN XR** presies soos jou dokter of apteker jou vertel het. Vra jou dokter of apteker indien jy onseker is.
- Jou dokter sal jou presies vertel hoe lank jou behandeling met **VEXALIN XR** sal duur. Moet nie die behandeling vroeër stop nie.
- Indien jy onder die indruk is dat die effek van **VEXALIN XR** te sterk of te swak is, praat dan met jou dokter of apteker.
- Bly onder die sorg van 'n gesondheidsorgverskaffer wanneer jy **VEXALIN XR** gebruik. Moet nie jou behandeling verander of stop sonder om eers met jou gesondheidsorgverskaffer te praat nie.

**Aanbevole VEXALIN XR dosis:**
- **VEXALIN XR** kapsules is vir mondelinge gebruik.
- Jou dokter sal jou vertel hoeveel **VEXALIN XR** om te neem en vir hoe lank jy moet aanhou om dit te neem.
- Die normale aanbevole aanvangsdosis vir behandeling van depressie, algemene angsversteuring en sosiale angsversteuring is 75 mg per dag. Die dosering kan geleidelik deur jou dokter verhoog word, en indien nodig, selfs tot 'n maksimum dosis van 375 mg per dag vir depressie. Die maksimum dosering vir algemene angsversteuring en sosiale angsversteuring is 225 mg/dag.
- Neem **VEXALIN XR** elke dag op ongeveer dieselfde tyd, hetsy soggens of saans. Kapsules moet heel met vloeistof ingesluk word en nie oopgemaak, fyngedruk, gekou of opgelos word nie. **VEXALIN XR** moet saam met voedsel geneem word.
- As jy lewer- of nierprobleme het, sal jou dokter jou **VEXALIN XR** dosis aanpas.
- Moet nie bekommerd wees indien jy klein wit korreltjies of deeltjies in jou stoelgang sien nadat jy **VEXALIN XR** geneem het nie. **VEXALIN XR** formule bevat sferoïede wat die medisyne stadig in die spysverteringskanaal vrystel. Die onoplosbare gedeelte van hierdie sferoïede word uitgeskakel en kan in ontlasting gesien word.

**As jy meer VEXALIN XR neem as wat jy moet**
In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.
Die simptome van 'n moontlike oordosering kan vinnige hartklop, veranderinge in die vlak van waaksaamheid (wat wissel van slaperigheid tot koma), dowwe sig, aanvalle of stuiptrekkings, en braking insluit.

**Indien jy vergeet om VEXALIN XR te neem**
Indien jy vergeet om 'n dosis te neem, neem dit sodra jy daarvan onthou, en gaan dan aan soos voorheen. Moet nie 'n dubbele dosis neem om vir die vergete individuele dosisse op te maak nie.

**As jy ophou om VEXALIN XR te neem**
Moet nie ophou om jou kapsules te neem net omdat jy beter voel nie. Dit is belangrik dat jy aanhou om **VEXALIN XR** te neem vir so lank as wat jou dokter jou sê.
Indien jou dokter dink dat jy nie meer **VEXALIN XR** nodig het nie, kan hy/sy jou vra om jou dosering stadig te verminder voordat jy heeltemal daarmee ophou. Nadat jy lang- en kort termyn behandeling met **VEXALIN XR** gestaak het, moet jy weet dat jy sekere newe-effekte kan ervaar. Sommige pasiënte kan simptome ervaar soos buierigheid, angs, rusteloosheid, senuweeagtigheid, verwarring, slapeloosheid of ander slaapsteurnisse, moegheid, slaperigheid, tinteling, duiseligheid, aanvalle, draai sensasie (vertigo), hoofpyn, griepagtige simptome, suis in die ore (tinnitus), ingekorte koördinasie en balans, bewing, sweet, droë mond, verlies aan eetlus, diaree, naarheid en braking.
Jou dokter sal jou adviseer oor hoe jy die behandeling met **VEXALIN XR** geleidelik moet staak. Vra jou dokter vir verdere advies as jy enige van hierdie of ander simptome ervaar wat jou pla.

## 4. Moontlike newe-effekte

**VEXALIN XR** kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effkete wat vir **VEXALIN XR** aangemeld is, is in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid versleg of indien jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy **VEXALIN XR** neem, kontak asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies.
Indien enige van die volgende gebeur, hou op om **VEXALIN XR** te neem, en kontak jou dokter onmiddellik of gaan na die ongevalle afdeling van jou naaste hospitaal:
Vra nood mediese hulp as jy enige van die hierdie **tekens van 'n allergiese reaksie het**:
- Galbulte; kortasem of asemhalingsprobleme; swelling van jou gesig, lippe, tong of keel.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As jy dit het, het jy moontlik 'n ernstige allergiese reaksie op **VEXALIN XR** gehad. Jy benodig moontlik dringende mediese hulp of hospitalisasie.

Vertel dadelik jou dokter of gaan na die ongevalle afdeling van jou naaste hospitaal indien jy enige van die volgende opmerk:
- Voel gedehidreerd, het lae vlakke natrium in die bloed (meestal in bejaardes; die simptome kan insluit dat jy duiselig, swak, verward, slaperig of baie moeg, of siek voel, ernstiger simptome is flou word, aanvalle of valle), waterretensie deur die liggaam (sindroom van onvanpaste afskeiding van antidiuretiese hormoon (SOADH)).
- Indien jy aanvalle het (stuiptrekkings).
- Gedagtes van selfmoord en selfbeskadiging.
- Serotoniensindroom, 'n potensieel lewensbedreigende toestand kan voorkom met **VEXALIN XR** behandeling. Stel jou dokter in kennis of gaan na die naaste hospitaal as jy 'n kombinasie van die volgende waarneem: rusteloosheid, hallusinasies, verlies aan koördinasie, vinnige hartklop, verhoogde liggaamstemperatuur, verandering in bloeddruk, ooraktiewe reflekse, diaree, naarheid, braking en koma.
- In sy ernstigste vorm kan serotoniensindroom lyk soos Neuroleptiese Maligne Sindroom (NMS). Tekens en simptome van NMS kan insluit 'n kombinasie van koors, vinnige hartklop, sweet, ernstige spierstyfheid, verwarring, verhoogde spierensieme (bepaal deur 'n bloedtoets).
- Simptome van rabdomiolise (afbreek van spierweefsel): donker, rooi of kola kleurige uriene, verminderde urienuitset, algemene swakheid, spierstyfheid of pyn, spierteerheid, swakheid van die aangetaste spiere.
- Vinnige en/of onreëlmatige hartklop of abnormale vinnige hartklop, veranderinge op die EKG verwys na 'n verlenging van die QT-interval, d.w.s., vertraagde geleiding van elektriese seine.
- Hoes, asemgefluit, kortasem en 'n hoë temperatuur, wat simptome is van inflammasie in die longe wat gepaard gaan met die toename in witbloedselle (pulmonale eosinofilie).
- Braking van bloed, of swart teeragtige stoelgang (ontlasting).
- Ontsteking van die pankreas met simptome, insluitend boonste buikpyn, naarheid en braking.
- Inflammasie van die lewer of lewerversaking wat buikpyn en vergeling van die vel of wit van die oë (geelsug) kan veroorsaak.
- Stevens-Johnson-sindroom (ernstige siekte met blase wat vorm op die vel, mond, oë en geslagsdele).
- Erge veluitslag, jeuk of netelroos (verhewe kolle van rooi- of bleek vel wat dikwels jeuk)
- Langdurige bloeding - as jy jouself sny of beseer, kan dit langer neem as gewoonlik voordat bloeding stop.
- Sametrekking van die kaakspier (kaakklem).

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. Jy benodig moontlik dringende mediese aandag.

Vertel jou dokter indien jy enige van die volgende opmerk:
*Algemene newe-effekte:*
- ongewone drome, verminderde seksdrang, slaapprobleme, senuweeagtigheid
- duiseligheid, droë mond, traagheid, gevoelloosheid, insluitend gevoelloosheid, prikkelende of tintelende vel, voel slaperig, bewing, veranderde of ingekorte smaaksensasie.
- oogprobleme soos dowwe sig, verwyde pupille, onvermoë van die oog om outomaties fokus te verander vanaf ver na naby voorwerpe,
- tinnitus (geluid in die oor as daar geen eksterne geluid is nie)
- verhoogde bloeddruk, blosing
- gaap meer, probleme met asemhaling
- verminderde eetlus, siek gevoel (naarheid), hardlywigheid, siek wees (braking)
- probleme met urinering
- probleme om 'n ereksie te kry, veranderinge in ejakulasie/orgasme in mans
- swakheid, moegheid, pyn, maagpyn, rugpyn, borskaspyn.

*Minder algemene newe-effekte:*
- kneusing van die vel
- voel onverskillig, hallusinasies, psigiatriese probleme, soos hiperaktiwiteit en voel ongewoon meer as opgewonde
- skielike onwillekeurige rukke of trekke van die spiere
- probleme met slaap, voel gedisoriënteerd, gebrek aan motivering
- flou word, lighoofdigheid of floute wanneer opstaan
- ontsteking van die dikderm (wat lei tot diaree), winde opbreek, sukkel om te sluk, ontsteking van die mond, slegte asem
- veluitslag, sensitiwiteit vir sonlig
- probleme met, of onvermoë om te kan urineer
- abnormale orgasme in vrouens
- voel koud of warm, dors, sidder, voel sleg, abnormale stap
- gewig optel
- veranderinge in bloedtoetsresultate (vermindering in natrium in die bloed, afname in die aantal witbloedselle, verhoogde bloedsuiker, vermindering van aantal bloedplaatjies, gewigstoename, gewigsvermindering, lewerensieme verhoog.

*Newe-effekte waarvan die frekwensie nie bekend is nie:*
- bloeiende tandvleise
- verminderde aantal bloedplaatjies in jou bloed, wat lei tot 'n verhoogde risiko vir kneusing of bloeding
- tekens van infeksie, soos hoë temperatuur, kouekoors, rilling, hoofpyne, sweet, griepagtige simptome. Dit kan die gevolg wees van 'n bloedversteuring (vermindering van sekere witbloedselle) wat lei tot 'n verhoogde risiko vir infeksie.
- verhoogde prolaktienvlakke in die bloed (abnormale produksie van borsmelk)
- verwarring; voel geskei, (of losstaande) van jouself, rusteloosheid, disoriëntasie en verwarring dikwels gepaard met hallusinasie (delirium), aggressie, geheueverlies, angs, depressie, gebrek aan gevoel of emosie; abnormale denke, onvanpaste gedrag
- hoofpyn, probleme om beweging te beheer bv. gebrek aan koördinasie of onwillekeurige bewegings van die spiere, spierstyfheid, gevoel van rusteloosheid of 'n onvermoë om stil te sit of stil te staan, herhalende, onwillekeurige bewegings soos mondtrekkings en oogknip, gevoelloosheid of 'n verminderde gevoel van aanraking, swak slaapkwaliteit
- verhoogde druk in die oë (gloukoom)
- vertigo (draai sensasie)
- voel hoe die hart in die borskas pomp.
- lae bloeddruk
- seerkeel, loop- of toe neus
- die tande slyp of kners, verhoogde eetlus, diaree, sooibrand of slegte spysvertering, winde opbreek, winde laat
- spierpyn, spierspasma
- sweet (insluitend nagsweet), netelroos, jeukerige veluitslag, abnormale haarverlies
- nodig om meer te urineer as normaal
- menstruele afwykings wat verband hou met verhoogde bloeding of verhoogde ongereelde bloeding, bloeding (swaar bloeding) nadat geboorte gegee is.

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, moet jy jou dokter of apteker daarvan in kennis stel.

**Aanmelding van newe-effekte**
Indien jy newe-effekte kry, praat met jou dokter of apteker of verpleegkundige. Dit sluit enige moontlike newe-effekte in, wat nie in hierdie inligtingsblad gelys is nie. Jy kan ook newe-effekte aanmeld by SAHPRA via die "**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**", wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.
Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van **VEXALIN XR** te voorsien.

## 5. Hoe om VEXALIN XR te berg

Bewaar by of benede 25°C.
Beskerm teen lig en vog.
Bewaar die stulpstrook in die karton totdat dit benodig word vir gebruik.
Hou die HDPE houers dig gesluit.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.
Moet nie in 'n badkamer bêre nie.
Moet nie na die vervaldatum wat aangebring is op die etiket/karton/bottel gebruik nie.
Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.
Moet nie ongebruikte medisyne in die riool of rioolstelsel (bv. toilette) gooi nie.

## 6. Inhoud van die pak en ander inligting

**Wat VEXALIN XR bevat**
- Die aktiewe bestanddeel is venlafaksienhidrochloried 75 mg/150 mg.
- Die ander bestanddele is lae gesubstitueerde hidroksiepropielsellulose, mieliestysel, mikrokristallyne sellulose, etielsellulose, hidroksipropielmetielsellulose, gesuiwerde talkpoeier, harde gelatien kapsules wat titaandioksied bevat, rooi ysteroksied, gelatien en natriumlaurielsulfaat. Daarbenewens bevat **VEXALIN XR 75 mg** geel ysteroksied.

**Hoe VEXALIN XR lyk en die inhoud van die pak**
**VEXALIN XR 75 mg** (Verlengde-vrystellings kapsules)
Wit tot afwit verlengde-vrystelling krale, gevul in grootte '1' kapsules met 'n perske doppie/perske liggaam, met 'L 87' op doppie en '75' op liggaam gedruk met rooi ink.
**VEXALIN XR 150 mg** (Verlengde-vrystellings kapsules)
Wit tot afwit verlengde-vrystellings krale, gevul in grootte '0el' kapsules met donker oranje doppie/donker oranje liggaam, met 'L 88' op doppie en '150' op liggaam gedruk met wit ink.

**Stulpverpakking:**
Gewone, silwergekleurde, 25 µ aluminium foelie/ 6-8 gsm HSL as die dekmateriaal en helder, deursigtige PVC/PE/PVdC, 250 µ/25 µ/90 gsm, as die vormingsmateriaal, verpak in 'n voorafgedrukte eenheidskarton met 10, 28 of 30 kapsules.
**HDPE houer verpakking:**
Kapsules is verpak in 'n wit, ondeursigtige, ronde 40 ml of 60 ml HDPE houer vir **VEXALIN XR 75** mg en 60 ml HDPE houer vir **VEXALIN XR 150 mg** met 33 mm nekafwerking, gesluit met 33 mm wit polipropileen sluiting met waad en induksie-sluitingvoering. Elke houer bevat 28 of 30 kapsules met 'n silika gel. Die houers word geplaas in 'n voorafgedrukte buitenste karton met 'n inligtingsblad.

**Houer van die Sertifikaat van Registrasie en Vervaardiger**
**MACLEODS PHARMACEUTICALS SA (Edms) Bpk**
Kantoorblok 1, Bassonia Estate Kantoorpark (Oos),
Cussonia Rylaan 1, Bassonia Rock, Uitbreiding 12,
Alberton, Suid Afrika

**Hierdie inligtingsblad is laas hersien in:**
20 April 2021

**Registrasienommer**
**VEXALIN XR 75 mg** (Verlengde-vrystellings kapsules): 51/1.2/0059.057
**VEXALIN XR 150 mg** (Verlengde-vrystellings kapsules): 51/1.2/0060.058

**Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligting**
Die ooreenstemmende professionele inligting kan verkry word by https://www.macleodspharma.com of e-pos macleodsrsa@macleodspharma.com of kontak 011 682 1169.

PACKAGING RESEARCH & DEVELOPMENT

*Restricted Circulation*

**(Front Page)**

# ARTWORK / PRINTPROOF APPROVAL FORM

**Note : Exclude Professional Information and dimension change.**

| | |
|---|---|
| **1. Product: VEXALIN XR ( Venlafaxine hydrochloride capsule )** | |
| **2. Country: South Africa (Private Market)** | **3. Packaging component: Patient Information Leaflet** |
| **4. No. of Colours: 1 Colour** | **5. Pantone Shade No.: Black** |
| **6. Specification: 40 gsm bible paper** | |
| **7. Machine Layout No.: NA** | **8. Dimensions: 535 (L) x 400 (W) mm** |
| **9. Design / Style: Booklet Type** | **10. Item code No.: PM03930102** |
| **11. Artwork has been made: Actual Size** | **12. Pharma code No.: 33943 mini** |
| **13. Barcode/NDC no: NA** | **14. Supersedes Item code No: PM03930101** |
| **15. Revision no: 01** | **16. A/W File name:Z:\Venlafaxin Capsule\SA private Market\02\VENLAFAXINE 75 MG PI & PIL - PM03930102.cdr** |
| **Approved By:** | **17. Location: Baddi** |

| PRD | M.A. HOLDER | RAD | QC | PRODN | QA |
|---|---|---|---|---|---|
| | Vanita Rajool Digitally signed by Vanita Rajool DN: cn=Vanita Rajool, o=Macleods Pharmaceuticals SA (Pty) Ltd., ou=Responsible Pharmacist, email=vanitar@macleodspharma.com , c=ZA Date: 2024.08.06 10:31:16 +02'00' | | | | |

**Note: 1. To follow overleaf checklist for approval of Artwork / Print proof.**

**Instructions to Vendor** :

1. Before processing, please ensure First pull out / Commercial supply should match with approved Artwork with respect to Design, Size, Fonts & Text.
2. Print proof to represent full printing area with Station Numbers.

**FRM/CQA/021/04-01**

| Reason for revision : | Item code | Artwork Send for Printing Date | Artwork Implementation Date |
|---|---|---|---|
| 1) New Artwork for South Africa (Private Market) | PM03930101 | 11/01/23 | 11/02/23 |
| 2) Exclude Professional Information and dimension change. | PM03930101 | | |